**Woensdag 19 Julie**
**Skrifgedeelte: Johannes 9:1-12**
**Fokusgedeelte: Johannes 9:2-3**
**Die werke wat God doen, getuig van sy heerlikheid**
Siektes en liggaamlike gebreke en ander beproewinge is deel van die vloek van die sondeval, maar dit is beslis nie waar, soos wat somtyds beweer word en soos wat Jesus Christus se dissipels geglo het, dat dit altyd aan die een of ander sonde waaraan jy jou in jou lewe skuldig gemaak het, te wyte is nie. Die man wat van sy geboorte af blind was, was byvoorbeeld blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien kon word, en nie omdat hy of sy ouers gesondig het nie.
In vers 5 het Jesus Christus gesê dat Hy die lig vir die wêreld is. In die voorafgaande hoofstuk (8:12) het Hy dieselfde gesê en toe nog bygevoeg: "Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."
Dit is waarvan ons Here se werke in Johannes 12 getuig het. Hy het nie net 'n liggaamlike gebrek genees en dit vir iemand wat van sy geboorte af in duisternis geleef het, moontlik gemaak om te kon sien nie, maar Hy het ook die persoon se geestelike blindheid weggeneem sodat hy ons Verlosser en Saligmaker kon sien en kon sê: "Ek glo, Here!" (vs 35-38). En so het dit gebeur dat die man wat blind was, nie langer in die duisternis gelewe het nie, maar die lig gehad het wat lewe gee.
Wat 'n besondere getuienis oor God se oneindige genade en heerlikheid! Hy is in Christus ons Ligbewerker. Hy het ons nie net met God versoen (soos wat ons gister verneem het) en nie net ons sonde so ver van ons af weggeneem soos wat die ooste van die weste af is (soos wat ons eergister gehoor het) nie, maar Hy het ons ook van die pynlike gevolge van die sonde verlos.
*Sing:Psalm 146-1:6*
*Ds. CJH Breed (Casper) (emeritus)*